



DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU
DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS AND FORESTRY
LEFAPHA LA METSI LE DIKGWA
UMNYANGO WEZAMANZINEZAM AHLATHI

RESIDENSIEGEBOU/BUILDING, SCHOEMANSTRAAT 185 SCHOEMAN STREET, PRETORIA



F (012) 326-1780 326-2715 323-4472

P/B X313



S. NAIDOO

E-

PRETORIA
0001



(054) 334 0201



16/2/7/D540/D18/Z1

PERMITNOMMER: 16/2/7/D540/D18/Z1/P362 1999-11-30
 KLAS: G:C:B
 AFVALSTORTTERREIN: CARNARVON
 LIGGING: GEDEELTE VAN ERF NOMMER 353 VAN DIE
 MUNISIPALE MEENT, CARNARVON.
 PERMITHOUER: CARNARVON MUNISIPALITEIT.
 ADRES: PRIVAAT SAK X 226, CARNARVON, 8925.

PERMIT KRAGTENS ARTIKEL 20 VAN DIE WET OP OMGEWINGSBEWARING, 1989 (WET 73 VAN 1989)

Kragtens die bevoegdheid aan my gedeleëger deur die Minister van Waterwese en Bosbou (hierin na verwys as "die Minister"), verleen ek, Barbara Gay Schreiner, in my hoedanigheid van Hoofdirekteur: Waterbenutting en Bewaring van die Departement van Waterwese en Bosbou (hierna genoem "die Departement"), hiermee, kragtens artikel 20 (1) van die Wet op Omgewingsbewing, 1989 (Wet 73 van 1989), toestemming aan die Munisipaliteit van Carnarvon vir die bedryf en verdere ontwikkeling van die Carnarvon-afvalstortterrein, onderworpe aan die voorwaardes wat in hierdie Permit uiteengesit is.

PERMITVOORWAARDES

In hierdie Permit beteken "Streekdirekteur" die Streekdirekteur: Noord-Kaap van die Departement by die volgende adres:

Streekdirekteur: Noord-Kaap
 Departement van Waterwese en Bosbou
 Privaat Sak X6101
 KIMBERLEY
 8300

1. LIGGING

- 1.1 Hierdie Permit magtig die bedryf en verdere ontwikkeling van 'n afvalstortterrein op 'n gedeelte van erf nommer 353 van die munisipale meent, Carnarvon (hierna genoem "die Terrein"), in ooreenstemming met die aansoek om 'n permit vir die bedryf van 'n stortterrein soos deur die Permithouer voorgelê op 01 November 1997.
- 1.2 Die ligging van die Terrein sal wees soos aangedui deur die koördinate op die permitaansoekvorm, soos deur die Permithouer voorgelê.

2. TOELAATBARE AFVAL

- 2.1 Die Terrein mag gebruik word vir die storting van alle tipes afval met uitsondering van afval gelys in Aanhangsel I en afval waaroor spesifieke beheer uitgeoefen word kragtens die Wet op Kernenergie, 1993 (Wet 131 van 1993). Afvaltipes waaroor beheer uitgeoefen word kragtens die Minerale Wet, 1991 (Wet 50 van 1991) en die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987) is ook uitgesluit van storting op die Terrein, behalwe waar skriftelike toestemming daarvoor deur die Streekdirekteur verleen is.
- 2.2 Die Permithouer moet alle redelike stappe doen om te verseker dat -
- 2.2.1 geen organiese of anorganiese element of verbinding wat weens sy toksiese, fisiese, chemiese of lang nawerkende eienskappe, 'n besliste nadelige, akute of kroniese uitwerking op menslike of dierlike gesondheid en/of die omgewing mag hê en wat ooreenstem met die UNEP definisie van gevaarlike afval op die Terrein gestort word nie;
- 2.2.2 geen mediese afval op die Terrein gestort word nie; en
- 2.2.3 geen geskeduleerde farmaseutiese produkte kragtens die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965) of geassosieerde houers op die Terrein gestort word nie.
- ## 3. KONSTRUKSIE
- 3.1 Die Terrein of enige gedeelte daarvan mag uitsluitlik vir die storting van toelaatbare afval gebruik word indien die konstruksie of verdere ontwikkeling van die Terrein of enige sodanige gedeelte in ooreenstemming met voorwaarde 3 van hierdie Permit geskied.
- 3.2 Die verdere ontwikkeling van die Terrein moet plaasvind onder die toesig van 'n voldoende gekwalifiseerde persoon soos deur die Permithouer voorgestel en deur die Streekdirekteur goedgekeur.
- 3.3 Sodra 'n nuwe gedeelte binne die Terrein ontwikkel is, moet die Permithouer die Streekdirekteur daarvan in kennis stel en die persoon na wie in voorwaarde 3.2 verwys word, moet die Streekdirekteur voorsien van 'n sertifikaat of alternatiewelik 'n brief dat die konstruksie van die betrokke gedeelte van die Terrein soos deur die Permithouer voorgestel en deur die Streekdirekteur goedgekeur, gedoen is ooreenkomstig erkende siviele ingenieurspraktyk voordat enige afval op daardie gedeelte van die Terrein gestort mag word. Die voltooide konstruksiewerk van die betrokke gedeelte van die Terrein moet deur 'n beampete van die Departement en die persoon na wie in voorwaarde 3.2 verwys word, geïnspekteer

word. Indien die Streekdirekteur tevrede is met die verdere ontwikkeling binne die Terrein en skriftelike toestemming verleen het, mag die Permithouer daardie gedeeltes van die Terrein vir die storting van afval gebruik.

- 3.4 Die Permithouer moet alle redelike maatreëls tref, soos byvoorbeeld geskikte sonering en/of die aangaan van skriftelike ooreenkomste met die omliggende grondeienaars, om die ontwikkeling van verdere woon- en/of ligte nywerheidsgebiede nader aan die Terrein as enige bestaande woongebied gedurende die bedryf van die Terrein te verhoed. Swaar nywerhede of nywerhede wat self 'n oorlas mag veroorsaak, kan kragtens toepaslike wetgewing in die buffersone toegelaat word.
- 3.5 Werke moet deur die Permithouer opgerig en gereeld in stand gehou word om alle afloopwater wat aanliggend tot die Terrein kan ontstaan en wat verag kan word as gevolg van die beraamde maksimum reënval wat gedurende 'n tydperk van 24 uur mag voorkom met 'n gemiddelde frekwensie van een in vyftig jaar (hierina genoem die "beraamde maksimum reënval"), van die Terrein weg te keer en op 'n wettige manier af te voer. Onder die genoemde maksimum reënval moet die werke 'n minimum vryboord van 'n halwe meter handhaaf.
- 3.6 Werke moet deur die Permithouer opgerig en gereeld in stand gehou word om alle afloopwater wat op die Terrein kan ontstaan en wat as gevolg van die beraamde maksimum reënval verag kan word, van die werkfront van die Terrein weg te keer en af te voer en te verhoed dat die afloopwater met loog in aanraking kom. Onder die genoemde maksimum reënval moet die werke 'n minimum vryboord van 'n halwe meter handhaaf.
- 3.7 Afloopwater waarna in voorwaarde 3.6 verwys word, moet voldoen aan die gehaltevereistes van die Algemene Standaard, soos voorgeskryf ingevolge artikel 21(1)(a) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) soos gepubliseer in Algemene Kennisgewing 991 van 18 Mei 1984 of vereistes wat van tyd tot tyd deur die Minister vasgestel mag word en moet op 'n wettige manier afgevoer word.
- 3.8 Afloopwater waarna in voorwaarde 3.6 verwys word, wat nie aan die gehaltevereistes in voorwaarde 3.7 voldoen nie, asook alle loog wat sporadies gevorm word, moet deur middel van werke wat deur die Permithouer opgerig is en deurlopend deur hom in stand gehou word-
- 3.8.1 behandel word om aan bogenoemde standaard te voldoen en op 'n wettige manier afgevoer word; en/of,
- 3.8.2 met die skriftelike toestemming van die Streekdirekteur opgevang en behou word vir verdamping in verdampingspanne en/of verdamp word deur besproeiing slegs op die gedeeltes van die Terrein wat voldoen aan die vereistes in voorwaarde 3.1 gestel.

- 3.9 Die Terrein moet ooreenkomstig erkende siviele ingenieurspraktyk opgerig word om die stabiliteit daarvan te verseker.
- 3.10 Die maksimum hoogte van die Terrein bokant grondvlak mag nie 15 meter oorskry nie.
- 3.11 Die helling van die Terrein moet so ontwikkel word dat weinig of geen erosie plaasvind nie.
- 3.12 Die Permithouer moet voorsiening maak vir toereikende sanitasiegeriewe op die Terrein.

4. TOEGANGSBEHEER

- 4.1 Weerbestande, duursame en duidelik leesbare kennisgewings, in drie amptelike tale soos van toepassing in die gebied, moet by elke toegangspunt tot die Terrein aangebring word. Hierdie kennisgewings moet ongemagtigde toegang verbied en moet die bedryfsure, die naam, adres en telefoonnommer van die Permithouer en van die persoon in beheer van die Terrein aantoon.
- 4.2 Die Terrein moet doeltreffend omhein en/of beveilig word ten einde ongemagtigde toegang redelikerwys te voorkom.
- 4.3 Die Permithouer moet alle redelike stappe doen om dienspaaie in 'n toestand te onderhou wat onbelemmerde toegang tot die Terrein sal verseker vir voertuie wat afval vervoer en om paaie van afval skoon te hou.
- 4.4 Die Permithouer moet verseker dat alle toegangspunte gedurende bedryfsure beman en na ure gesluit word.
- 4.5 Die Permithouer moet doeltreffende toegangsbeheer toepas.
- 4.6 Die Permithouer moet alle redelike stappe doen om te verseker dat slegs toelaatbare afval waarna in voorwaarde 2 verwys word, op die Terrein gestort word.

5. BEDRYF

- 5.1 Afvalwegdoening en bedryf moet geskied in ooreenstemming met die betrokke minimum vereistes, die voorwaardes van hierdie Permit en enige ander skriftelike instruksie deur die Departement.
- 5.2 Indien afval op die Terrein verbrand word, moet dit onder toesig en op 'n beheerde wyse plaasvind. Geen smeulende afval mag oornag op die Terrein gelaat word nie. Die as en enige onverbrande materiaal moet so dikwels as moontlik en ten minste weekliks met 'n laag grond (of ander materiaal wat deur die Streekdirekteur goedgekeur is) van ten minste 150 millimeter dik bedek word.

- 5.3 Die Permithouer moet alle redelike maatreëls tref om te verseker dat die Terrein so bedryf word dat geen oorlas of gesondheidsgevaare ontstaan nie.
- 5.4 Die as wat op die Terrein is, mag herwin word. Die herwinning mag nie die daaglikse bedryfsaktiwiteite van die Terrein belemmer nie.
- 5.5 Die Permithouer moet rekord hou van die volume en aard van die afval wat herwin word en moet dit jaarliks aan die Streekdirekteur rapporteer.

6. MONITERING

Indien die Streekdirekteur van mening is dat grondwater, oppervlakwater en/of lugbesoedeling moontlik mag plaasvind, of reeds plaasgevind het, moet die Permithouer die nodige ondersoeke instel en moniterings- en rehabilitasiemaatreëls tref, tot die tevredenheid van die Streekdirekteur.

7. OUDITERING

7.1 Departementele ouditering en inspeksies

- 7.1.1 Die Departement behou die reg voor om die Terrein te enige tyd en teen 'n frekwensie soos wat deur die Streekdirekteur besluit mag word, te ouditeer en/of te inspekteer, of om die Terrein te laat ouditeer of te laat inspekteer.
- 7.1.2 Die Permithouer moet enige rekords of dokumente aan die Streekdirekteur beskikbaar stel indien dit versoek sou word, asook enige ander inligting wat deur die Streekdirekteur vereis mag word.
- 7.1.3 Die bevindinge van hierdie ouditerings of inspeksies moet binne 60 dae na afloop van die audit of inspeksie aan die Permithouer beskikbaar gestel word en moet nie as vertroulik hanteer word nie.

8. REKORDHOUDING

- 8.1 Die Permithouer moet rekord hou van alle inligting waarna in Aanhangsel II verwys word en dit jaarliks opdateer.

9. VERSLAGDOENING

- 9.1 Die inligting soos ingevolge voorwaarde 8.1 vereis, moet binne een jaar ná die datum van uitreiking van hierdie Permit aan die Streekdirekteur gestuur word en jaarliks daarna.
- 9.2 Die Permithouer moet die Streekdirekteur binne 24 uur in kennis stel van enige voorval by of gepaardgaande met die bedryf van die Terrein wat waterbesoedeling, besoedeling van

die omgewing, gesondheidsgevaar of oorlaste veroorsaak of veroorsaak het.

9.3 Die Permithouer moet binne 14 dae 'n aksieplan aan die Streekdirekteur oorhandig wat 'n volledige tydsraam moet insluit, wat tot die tevredenheid van die Streekdirekteur sal wees, oor maatreëls wat getref is om -

- (a) die impak wat ontstaan het as gevolg van die voorval te herstel;
- (b) enige verdere impakte deur die voorval te verhoed; en
- (c) 'n herhaling van enige soortgelyke voorval te voorkom.

9.4 Die Permithouer moet die Streekdirekteur binne 48 uur van die voorval skriftelik inlig indien sporadiese loogvorming, as gevolg van buitengewone omstandighede, by die Terrein plaasgevind het.

10. FINALE REHABILITASIE EN SLUITING VAN DIE TERREIN

10.1 Die Permithouer moet ten minste 60 dae voor die beoogde sluiting van die Terrein, die Streekdirekteur per geregistreerde pos in kennis stel van die beoogde sluiting en finale, opgedateerde rehabilitasieplanne vir sy goedkeuring indien.

10.2 Onmiddellik nadat werksaamhede op die Terrein gestaak is met die doel om die Terrein te sluit, moet die oppervlak van die Terrein bedek word sodat-

10.2.1 geen poelvorming as gevolg van reën kan plaasvind nie;

10.2.2 die vrye oppervlakafloop van reënwater verseker word; en

10.2.3 geen voorwerpe of materiale op die Terrein voorkom wat die rehabilitasie daarvan kan belemmer nie.

10.3 Die Permithouer moet die Terrein ooreenkomstig 'n rehabilitasieplan, wat deur die Permithouer ingedien moet word en wat tot die tevredenheid van die Streekdirekteur moet wees, rehabiliteer.

11. VERHURING EN VERVREEMDING VAN DIE TERREIN

11.1 Indien die Permithouer die Terrein aan 'n ander persoon wil verhuur of vervreem, moet die Streekdirekteur ten minste 60 dae voor sodanige transaksie daarvan in kennis gestel word.

12. ALGEMEEN

12.1 Die Permithouer moet binne 'n tydperk van 60 dae ná die datum van uitreiking van hierdie Permit aansoek doen vir die hersonering van die Terrein vir stortdoeleindes. Indien die

Permithouer onsuksesvol sou wees met die hersonering van die Terrein vir stortdoeleindes binne 'n tydperk van 2 jaar ná die datum van uitreiking van hierdie Permit, moet 'n skriftelike motivering aan die Streekdirekteur verskaf word waarin die redes uiteengesit word waarom die hersoneringsaansoek onsuksesvol was. Die Streekdirekteur sal hierna 'n paslike besluit neem oor die toekoms van die Terrein.

12.2 Hierdie Permit is nie oordraagbaar nie.

12.3 Hierdie Permit moet nie op so 'n wyse vertolk word dat dit vrystelling verleen van voldoening aan die bepalings van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), die Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) of enige ander toepaslike wet, ordonnansie, regulasie of verordening nie.



HOOFDIREKTEUR: WATERBENUTTING EN BEWARING
p.p. MINISTER VAN WATERWESE EN BOSBOU

DATUM: 30.11.99

AANHANGSEL I

1. Afval wat as gevaarlik beskou word as gevolg van die brandgevaar wat dit inhou. Dit is alle afval met 'n geslote koppie flitspunt $<61^{\circ}\text{C}$.
2. Enige afval met 'n bestanddeel wat 'n Groep A en/of Groep B karsinogeen is. Groep A karsinogeen is klinies en epidemiologies bewys in mense. Groep B karsinogeen is sonder twyfel bewys in laboratorium diere.
3. Enige afval met 'n bestanddeel teen 'n konsentrasie van meer as 1% wat 'n Groep C en/of Groep D karsinogeen is. Groep C karsinogene wys beperkte teenwoordigheid in diere. Groep D karsinogene - slegs onvoldoende en twyfelagtige data is beskikbaar.
4. Enige afval met 'n bestanddeel wat 'n Mutageen is.
5. Enige besmetlike afval, behalwe as dit verbrand is teen 800°C of hoër vir ten minste 1 sekonde. Besmetlike afval is afval wat gegenerer word tydens die diagnose, behandeling of immunisasie van mense of diere; in navorsing wat hierop betrekking het; in die vervaardiging of toetsing van biologiese agente - insluitende bloed, bloed produkte en besoedelde bloed produkte, kulture, patologiese afval, naalde, menslike en dierlike anatomiese afval en isolasie afval wat besmetlike bestanddele bevat of kan bevat.
6. Enige afval wat 'n bestanddeel met 'n LD_{50} vir akute orale toksisiteit kleiner en gelyk aan 5000 mg/kg bevat. Die LD_{50} vir akute orale toksisiteit sal wees soos gedefinieer in **die SABS 0228:1995 kode**.
7. Enige afval wat 'n bestanddeel met 'n LD_{50} vir akute dermale toksisiteit kleiner en gelyk aan 2000 mg/kg bevat. Die LD_{50} vir akute dermale toksisiteit sal wees soos gedefinieer in **die SABS 0228:1995 kode**.
8. Enige afval wat 'n bestanddeel met 'n LC_{50} vir akute toksisiteit met inaseming kleiner en gelyk aan 10 mg/l bevat. Die LC_{50} vir akute toksisiteit met inaseming sal wees soos gedefinieer in **die SABS:1995 kode**.
9. Enige afval wat 'n bestanddeel met 'n LC_{50} (96 uur) vir akute ekotoksisiteit kleiner en gelyk aan 1000 mg/l bevat.
10. Alle afval met 'n pH minder as 6 of groter as 12.
11. Alle materiaal wat in Klas 1 (plofstowwe), Klas 2 (saamgepersde gasse) en Klas 7 (radio-aktiewe materiale), val, soos gespesifiseer in die **SABS 0228:1995 kode**.
12. Enige afval wat moeilik is om te analiseer en te klassifiseer.
13. Enige komplekse van swaar metaal katione, verwe en verfslyke en laboratorium chemikalieë.

AANHANGSEL II

INLIGTING WAT JAARLIKS VERSKAF MOET WORD: VOORWAARDE 8.1

J J J J M M D D

NAAM VAN TERREIN: _____ DATUM VAN VERSLAG

--	--	--	--	--	--	--	--

1. Geregistreeerde eienaar(s) van eiendom waarop stortterrein geleë is:
 Naam.....
 Posadres..... Telefoonkode & No
 Fakskode & No
 Poskode Teleks No

2. Naam van Operateur in beheer van stortterrein:

 Telefoonkode & nommer Na-ure
 Identiteitsnommer.....
 Opvoedkundige kwalifikasies (*).. st 6

 diploma

 / st 8 hoër diploma

 matriek graad

 ander (spesifiseer).....

3. (a) Nuutste geskatte lewensduur van stortterrein jaar
 (b) Dui die toepaslike tipe afval en hoeveelhede wat gedurende die jaar gestort is aan:

Tipe afval	Hoeveelheid (m ³ per jaar)	Gekompakteer (G)	Ongekompakteer (O)														
<u>Nie-gevaarlike afval</u>																	
Huishoudelike afval	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
Tuinafval	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
Bourommel	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
Industriële afval (nie-gevaarlik)	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- (spesifiseer).....	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
-	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
TOTAAL	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
<u>Gevaarlike afval</u>																	
- Ontvlambare vloeistowwe	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- Ontvlambare vaste stowwe	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- Oksideermiddels	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- Giftige stowwe	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- Bytende stowwe	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- Hospitaal afval en smetstowwe	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
- (spesifiseer).....	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
-	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							
TOTAAL	<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>								<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							

* Dui aan met 'n X

4.(a) Dui die metode van afvalstorting aan (*). Landopbouing Landvulling

(b) Dui die huidige afmetings van die terrein aan in meter.

Hoogte/diepte
 Lengte
 Breedte

5.Dui die afvaltypes en hoeveelhede aan wat gedurende die jaar herwin is. (*)

Geen herwinning is onderneem nie

Type	Hoeveelheid(m ³)	Type	Hoeveelheid(m ³)
<input type="checkbox"/> Papier/houtvesel	<input type="checkbox"/> Rubber
<input type="checkbox"/> Plastiek	<input type="checkbox"/> Tekstiele
<input type="checkbox"/> Glas	<input type="checkbox"/> Yster
<input type="checkbox"/> Koper	<input type="checkbox"/> Aluminium
<input type="checkbox"/> Sink	<input type="checkbox"/> Lood
<input type="checkbox"/> Fosforgips	<input type="checkbox"/> Poeierkoolas
<input type="checkbox"/> Afval vir kompostering	<input type="checkbox"/> Voedselreste
<input type="checkbox"/> Brandbare gasse	Ander
Ander	Ander
Ander	Ander

6.Dui die tipes, bronne en beraamde hoeveelhede beskikbare bedekkingsmateriaal aan (*).

Tipe	Bronne	Hoeveelheid (m ³)
<input type="checkbox"/> Grond
<input type="checkbox"/> Sand
<input type="checkbox"/> As
<input type="checkbox"/> Gruis
<input type="checkbox"/> Klei
<input type="checkbox"/> Bourommel
Ander (spesifiseer)
.....
.....
.....

* Dui aan met 'n X

Handtekening
 Hoedanigheid
 Plek Datum